

## **Boodskap Sondag 9 Augustus 2020**

**Tema: Sien ek mense soos God hulle sien?**

**Teksvers: Johannes 8: 1-11**

**Spreuke 22:2**

1. Intro
2. Verwelkoming (Why)
3. Afkondiginge.
4. Votum:

O Heilige Gees van God, kom na ons en beweeg tussen ons:

Kom as wind en reinig ons;

Kom as vuur en suiwer ons;

Kom as dou en verfris ons;

Oortuig en bekeer ons en wy ons hart en lewe aan U

Vir ons eie welsyn en tot U verheerliking.

Geliefdes: GENADE EN VREDE VIR JULLE VAN GOD, WAT GEKOM HET, WAT WEER  
KOM EN ELKE DAG IN U LEWE KOM! AMEN

LIED.

GEBED:

HERE, BEWEEG HIER TUSSEN ONS – ONS IS U GEMEENTE. NEEM ALLES WEG WAT SKEIDING  
BRING TUSSEN ONS EN U EN TUSSEN ONS EN ONS MEDEMENS.

ANKER ONS IN U WAARHEID EN MAAK ONS EEN IN LIEFDE. NEEM ELKEEN VAN ONS  
PERSOONLIK EN BOU ONS OP AS LEWENDE STENE IN "n GEESTELIKE HUIS WAARIN U KAN  
WOON. NEEM WEG DIE LASTE VAN ONS SKOUERS: ONS BEKOMMERNIS EN SMART, ONS  
HARTSEER EN PROBLEME, ONS HULPELOOSHEID EN SIEKTE.

SEËN ONS GEMEENTE, ANTWOORD IN U GENADE ONS INTIEMSTE VRAE. BIND ONS SAAM,  
SELFS MIDDE-IN ONS ISLOLASIE.

PRAAT DEUR U GEES EN WOORD VANDAG MET ONS. SPREEK HEER, ONS WIL LUISTER.

AMEN.

SKRIFLESING

**Spreuke 22: 2**

“Voor die Here is ryk en arm gelyk; Hy het hulle almal gemaak”

## **Johannes 8: 1-11**

*Die vrou wat op die owerspel betrap is:*

Hierna is hulle elkeen na sy huis toe, <sup>1</sup>maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. <sup>2</sup>Die volgende môre vroeg was Hy weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer.

<sup>3</sup>Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. <sup>4</sup>Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. <sup>5</sup>Moses het ons in die wet bevel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?"

<sup>6</sup>Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. <sup>7</sup>Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."

<sup>8</sup>Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. <sup>9</sup>Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou in die middel van die kring mense. <sup>10</sup>Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is hulle? Het nie een die oordeel oor jou voltrek nie?"

<sup>11</sup>. Niemand nie, Here, sê sy. Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan, maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."

### **PREEK:**

Vandag is dit die 136ste dag van inperking! Mens kan moeilik glo dat ons al vir byna vyf maande in so ongekende situasie is! Ek wonder nogal: Wat is die dinge wat jy sal onthou van hierdie grendeltyd tydens die Koronavirus-pandemie? Dink gou daaroor na . . .

Ek dink ons almal gaan nog lekker gesels in die jare wat kom, selfs baie jare van nou af. Dalk sal die jonger mense met gemengde gevoelens vir hulle kinders en kleinkinders vertel van die tyd van inperking, van alles wat toe gebeur het, die goeie herinneringe en die slegtes. Die tyd van sosiale afstand tussen mekaar, die tyd van termometers, van leë kerke en skole, van enkele ure op 'n dag wat jy uit jou huis kon kom om te stap, geen wyn, geen vakansies nie, van ellelange rye mense by banke, winkels en munisipale kantore. Tyd van geen sport, vervelige Saterdagmiddae, aanlyn-onderig en... veral van maskers!

Wat vir my altyd sal uitstaan, is die manier waarop ons tydens die grendeltyd na mekaar kyk, of hoe ek na 'n ander persoon gekyk het. Baie keer moet jy mooi kyk wie is nou eintlik agter die masker, want die masker versluier die helfte van die persoon se gesig! Partykeer voel jy veilig agter jou eie masker, voel jy jy kan so bietjie wegkruip agter jou masker as jy iemand sien met wie jy nie wil praat nie... of jy nie wil hê jou moet erken nie! Dan trek jy die masker so bietjie hoër op om nog groter wegkruipplek te voorsien! Ander kere trek jy hom weer so bietjie laer af dat mense jou tog kan sien en erken.

Ons kyk ook 'n bietjie anders na mekaar, miskien bietjie meer versigtig, selfs byna skepties. As ek in die hysbak is, of in die ry staan by die winkel, of in die dokter se spreekkamer na iemand kyk... wonder ek of daardie persoon nie dalk 'n gevaar vir my inhou nie. Versigtig wonder ek: "Het hy "dit" nie dalk nie (vewysende na die gevreesde virus wat ons uitmekaar hou). "Gaan sy my nie besmet nie. Het die kind wat die deur oopmaak sy hande vir 22 sekondes lank gewas? As die oom nou gaan nies, weet hy hoe om in sy geboë elmboog te nies? Sê nou net hy nies my raak?"

Dit het my die afgelope tyd baie keer laat dink oor hoe ek na ander mense kyk en wat ek dink en voel en as ek iemand sien. Hoe word ek beïnvloed wanneer ek verskillende mense sien; wat gebeur in my hart, wat gebeur in my gedagtes? Hoe bepaal, dit wat my oë sien, dit wat in my hart en gedagtes gebeur? As ek bv. na 'n verkeersbeampte in uniform kyk, wat is dit wat ek eintlik regtig sien? Wat kom in my gedagtes en in my hart op? Of 'n polisieman by 'n padblokkade?

Wat gebeur regtig in my gedagtes en in my hart wanneer ek die president op TV sien wanneer hy oor die inperkingsregulasies praat? Wat gaan deur my gedagtes en in my gemoed wanneer ek sekere mense op die TV sien, bv. Julius Malema, Francois Pienaar en Faf du Plessis wat kniel met die BLM saluut? Of die prentjie van Suster Theresa tussen vuil, verhongerde mense in die rioolpype van Kalkutta? Die gesig van Donald Trump. Hoe voel ek en hoe dink ek as ek die bedelaar op die hoek van die straat sien staan, of die bosslaper wat by my huis aankom? Die prentjie van Bill Gates in die koerant. Die plaas-moordenaars in die hof in Hartswater, die klipgooiers langs die N1 of die R300 wat afbreek en wat vullis strooi. Die dominee op die skerm van my rekenaar wat sy bes probeer om op "n onbekende, vreemde manier die boodskap te bring vir sy huis-gebonde, ingeperkte lidmate. Hoe beïnvloed dit wat my oë sien van mense, my hart? Dit is altyd die vraag oor persepsies, oor verskillende brille waardeur ek kyk en watter gevoelens dit in my losmaak. Wat is die filters wat ek tussen my en ander mense inskuif, waardeur ek hulle waarneem, hulle weeg, evalueer, beoordeel...En baie keer selfs veroordeel?

Vriende ons is tans in koninkrykstyding. Ons dink veral in die tyd hoe ons moet kyk na ander mense met 'n koninkryksperspektief en deur koninkryksoë. Ons is hierdie maand ook besig om te gesels en te dink oor barmhartigheid. Hoe my hart geraak moet word deur dit wat my oë rondom my sien... veral ten opsigte van mense in nood. Mense wat anders is. Randfiguur-mense. Hoe moet ek kyk na mense?

My "kyk" na mense, moet bepaal word deur hoe God na mense kyk. Sy waarneming, sy evaluering van mense, sy waardering! Is daar bepaalde filters waardeur Hy na mense kyk. Ons kan ook vra wat gebeur in God se hart en in Sy gedagtes as Hy dan na mense kyk, alle mense, alle soorte. Ons sal dit kortliks moet opsom, want ons weet dat die hele Bybel eintlik hieroor gaan, dit is die storielyn van die Bybel... hoe God na ons kyk, hoe Hy ons sien en hoe Hy plan maak met ons in ons gebrokenheid en verskeidenheid.

Dit begin alreeds duidelik raak tydens in die skeppingsverhaal. God het uiteindelik mense gemaak... na hulle gekyk en gesê hulle is goed... hulle is mooi! So waardevol dat Hy hulle sy verteenwoordigers op aarde gemaak het. Geskep na sy Beeld. Verder sien ons dat Hy

geensins bevooroordeeld is teenoor mense nie. Almal, ongeag van wie hulle is, ongeag van hul sosiale status, rykdom of armoede, intelligensie ras, geslag en noem maar op. Almal is gelyk voor Hom! Hy kyk filter-loos na elkeen. So word dit in Spreuke 22:2 bevestig: “Voor die Here is ryk en arm gelyk. Hy het hulle almal gemaak”.

Dit word ook later bevestig in verskeie gedeeltes in die Bybel waar God met deernis, bewondering en baie liefde oor sy mense praat. Hy beskou hulle as kosbaar. Hy ag hulle hoog en waardevol. Hoor hoe omskryf hy sy liefde en deernis vir mense in Jesaja 43: 4: “Omdat jy vir My kosbaar is, omdat ek jou hoog ag en jou liefhet, gee ek mense in jou plek, volke in plek van jou lewe”. Ook in Sefanja 3 sien ons hierdie baie bekende, pragtige teksgedeelte waar God se liefde en bewondering vir mense omskryf word: “Die Here jou God is by jou, Hy is die krygsman wat jou red, Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil en tevrede in sy liefde vir jou, Hy jubel en juig oor jou.”. Psalm 139:16 en 17: “U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in U boek opgeskryf! Hoe wonderlik is U gedagtes vir my, o God!”

God ag mense hoog. In die Nuwe Testament leer ons dat God dit nog verder vat... hy kyk na stukkende, sondige en broos mense deur die bril van Sy Seun Jesus Christus. Hy kyk na hulle met sagte oë, met genade, met deernis! As hy kyk na hulle, kyk Hy nie allereers na verkeerdheid, stukkenheid en gebrokenheid in hulle lewe nie, maar kyk Hy daarby verby om allereers die mense, Sy skepping, sy objek van liefde raak te sien. Hy kyk sonder bevooroordeeldheid.

Johannes 8:1-11 lees ons hierdie baie besondere verhaal van Jesus wat ook illustreer hoe Hy na mense kyk, veral na stukkende, gebroke, sondige mense. Ons ken die situasie. Jesus is besig om mense te leer in die tempel, waar baie van die volk na Hom kom luister het. Dan bring die godsdienstige elite van die dag, die Fariseërs en skrifgeleerdes 'n skuldige vrou wat op heter daad met owerspel betrap is na die tempel toe. Hulle het klaar na haar gekyk, haar gesien en beoordeel deur hul voorafopgestelde filters van vooroordeel, die wet en afsku. Deur hulle persepsie het hulle haar klaar in "n bepaalde boksie verpak. Skuldig! Afskuwelik. Sy verdien die dood a.g.v. haar misstap en sonde. Hulle bring haar na Jesus toe, om Hom te toets, om Sy manier van kyk na haar te beoordeel en Hom uiteindelik op grond daarvan te probeer aankla.

Jesus dink diep oor hierdie saak en Hy skryf op die grond Ek wens ons het geweet wat Hy daardie dag op die grond geskryf het.. miskien het Hy iets oor die vrou geskryf, of miskien iets oor die persepsies, die “kyk” van die godsdiensteig elite, na hierdie mens. Uiteindelik sien ons dat sy deernis en sy omgee groter is as die wet wat bepaal het dat die vrou gestenig moet word. Hy sien haar raak, Hy sien haar nood raak, Hy kyk na haar met sagte oë van bewondering en liefde, soos Sy Vader kyk na mense. En dan uiteindelik sê Hy, “Ek veroordeel jou nie, gaan vrygespreek van hieraf vorentoe, maar moet nie meer sondig nie.” Hy kondoneer nie haar misstap nie, maar kyk daardeur na haar as mens.

Vriende, dit wys vir ons hoe Jesus kyk na haar en ook na randfigure, afvlerkvoëltjies, sondige mense. Hy sien die mense in nood raak, Hy gooi nie die wet na hul kant toe nie, maar kyk met die sagte oë van genade om vry te spreek.

Ons het vanoggend begin met die vraag: “hoe kyk ons na mense?” Wat bepaal die manier waarop ons kyk na mense? Wat bepaal ons gevoelens en ons denke as ons mense sien? Veral as ons na mense in nood kyk, of mense wat anders is as ons. Mense wat my kwaad maak, of my irriteer. Iets wat menslik en normaal is. Hoe kan ek in Suid-Afrika met sy komplekse rasse-samestelling en verskillende sosiale en ekonomiese vlakke, soos God na mense kyk? Watter oë is nodig in hoe ons na mekaar kyk in Suid-Afrika? Hoe kan ek deur die filters kyk wat ek self opgestel het, deur filters van sosiale stand, misdaad en uiteindelik tog God se skeppinge raaksien, die mense wat Hy hoog ag en na wie Hy kyk met liefde en deernis?

Ek glo dis 'n proses van geestelike dissipline. Om elke keer my vooroordeel te erken, te weet hoekom ek so voel oor bepaalde mense en... om dan doelbewus en met hulp van die Gees, anders te kyk. Hoe moeilik dit ook al is. Om te poog om na hulle te kyk soos God na hulle kyk. Om só, my geestelike “weer-kyk” funksie in werking te stel. My bril skoon te maak om die prentjie te probeer kry soos wat God dit kry.

Barmhartigheid maak 'n appél op ons hart, maar maak ook 'n appél op ons oë, op hoe ons kyk en hoe ons kyk, ons harte beïnvloed. Jeremia sê dit ook duidelik in Klaagliedere 3:51: “Wat my oë sien, raak my hart/ maak my hartseer”. Soos Jesus se kyk na die owerspelige vrou, of die tollenaar, of die misdadiger lang Hom aan die kruis, of na my (sondige mens) en hoe dit sy hart affekteer.

Barmhartigheid weerspieël iets van sagtheid, sagte harte wat aangeraak is, deur oë wat op sagte maniere na ander mense kyk.

Amen

Kom ons bid saam.